

Skriflesing: Matt 13:44-50

Wat wil jy die graagste hê? Dieselfde vraag is vir kinders gevra. Hulle moes hul antwoorde teken. Daar was uiteenlopende prentjies. Die meeste kinders wou speelgoed hê, dan was daar ook die nuutste selfone ens. Een seuntjie het op sy bladsy net in groot letters “Ja” geskryf. Hy het waarskynlik in sy lewe nog net nee’s gehoor.

Vanoggend kom verseker die Here vir elkeen van ons van sy groot ja vir ons. Hy wil dat elkeen van ons sal deel in die koninkryk van die hemel.

Wat is die koninkryk van die hemel? Matteus skryf sy evangelie aan die Jode. Uit vrees en respek het die Jode die woord “God” so min as moontlik gebruik. In die ander evangelies lees ons van die koninkryk van God. Die koninkryk van die hemel en die koninkryk van God is dieselfde ding. Dit is nie ‘n plekkie daar ver wanneer ons eendag sterf nie. Dit is waar God heers. In Christus is hierdie koninkryk reeds by ons teenwoordig. As gevolg van sonde is dit op aarde nog onvolmaak, maar by sy wederkoms gaan dit in volmaaktheid aanbreek. Die koninkryk van die hemel is ‘n geestelike koninkryk. Dit gebeur binne in ons wanneer ons ons lewens oorgee aan die Here. Dan beleef ons die nuwe lewe in Christus. Ons ervaar vrede met God en liefde vir God, mekaar en die wêreld. So raak ons deel van die koninkryk van die hemel.

Die skat is in ‘n sekere sin verborge. Jesus, wat sy koninkryk op aarde kom vestig het, het nooit ‘n ophef oor Homself gemaak nie. Sy koninkryk het klein begin. Hy het stil in die wêreld ingekom. Hy het die pad saam met nederiges en dikwels randfigure geeloop. Hy was ‘n verborge koning wat maklik misgekyk kon word. En tog was Hy ook daar vir almal om te vind. Die skat, die onverwagte en verrassende liefde van God wat lewens verander, is nou hier vir elke mens om te vind. En ons vind dit op die mees onverwagte tye en plekke.

Die eerste waarskynlik arm dagloner het “per ongeluk” op die skat in die saailand afgekom. Dieselfde het met die eerste dissipels, Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes gebeur toe Jesus hulle by hul nette kom roep het. Dit het ook met Saggeus in die boom en met Paulus oppad na Damaskus gebeur.

Die vonds verander die vinder. Hy is baie in sy skik. Ons sien hoe kosbaar die skat vir hom is. Dit is meer werd as enige iets anders. Hy wil die skat ten alle koste in die hande kry. Hy verkoop alles wat hy het en koop dan die land om die skat te kry. Hy doen presies dit waarvan Jim Elliot so treffend skryf: “He is not a fool who gives what he cannot keep to gain which he cannot lose.”

Ons sien iets van die skat en die uitwerking van die skat op ons lewens in Lied 396:1, 2 en 4:

Aanskou die Heiland, sien die kruis

1. Aanskou die Heiland, sien die kruis -
die Hemelvors, verag, verguis.
Vir my het Hy Hom daar laat hang.
Hy leef, Hy sterf - in my belang.
2. Sy kruis, sy liefde onbegrens,
ontsluit in my 'n nuwe mens.
4. Hom kan ek nou met vreugde dien
in ruimte deur sy kruis voorsien .
'n Liefde so volmaak en vry
eis alles, alles ook van my.

Baie van ons herken onself in die welvarende pêrelhandelaar. Soos hy, is ons ook opsoek. Ons is opsoek na iets wat ware rykdom, sin en rigting in ons lewens kan bring. Om goeie pêrels te vind is sy werk. Hy vind 'n baie waardevolle pêrel. Hy verkoop alles wat hy het om dié skat in die hande te kry.

Dit is nie vir ons om te besluit vir wie die skat bedoel is of hoe dit gevind word nie. Wat belangrik is, is of ons die skat gevind het en alles prys gegee het om deel te word van die koninkryk van die hemel.

Het jy en ek die skat? Wanneer ons die skat van die koninkryk van die hemel gevind het, is daar nie plek vir middelmatigheid nie. Die skat is meer waarde as enige iets anders. Daarom moet ons bereid wees om 'n totale lewensoorlog en -prysgawe te maak om dit in besit te neem. Ons lees hiervan in Matt 6:33: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

Die oomblik wanneer ons so oorgee, verander ons lewe onherroeplik. Vir die wat die skat van verlossing deur Jesus Christus gevind het, hulself gekruisig het en die nuwe lewe leef wat die Heilige Gees in ons moontlik maak, wag 'n nuwe lewe en 'n nuwe toekoms.

Jesus beskryf ons toekoms met 'n visvangs. Hy beklemtoon hier die kontras tussen ware en vals dissipels. Die oorspronklike woorde vir goeies en slegtes (onbruikbares) kan ook vertaal word met hulle wat die Here met een hart (heelhartig) of met 'n dubbele hart dien. Hulle wat die Here met een hart dien, het alles prysgegee om die skat van verlossing en lewe te bekom. Hulle wat die Here met 'n dubbele hart dien, het nog nie dié keuse gemaak nie. Hulle leef met een voet in die wêreld en een in die kerk. Hulle sal in die brandende oond gegooi word waar hulle helse angs en pyn sal ervaar.

Ons wat die Here heelhartig dien, word bemoedig en vertroos deur die beeld van die visvangs. Ons finale volmaakte skat wag vir ons.

Afsluiting

Wat wil God die graagste hê? Hy wil jou lewe hê. Daarom gee Hy vir jou die skat van verlossing en nuwe lewe deur sy Seun, Jesus Christus.

Wat wil jy die graagste hê? Is jy bereid om alles prys te gee om God se skat vir jou te verkry?